NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | Sondag 26 Maart 2006 | Wat is 'n lewe in oorvloed?

NUUT: ONS GEMEENTE SE WEB - LOG KLIK HIER: Besoek ons Blog

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE BELANGRIKE SAKE / INLIGTING

AKSIE TWEE +
Volgende byeenkoms 26 Maart om 12:00
Harmonie in die Huwelik

ADORAMUS
Aanbiddingsdiens. Volgende geleentheid 26 April om 20:00

MOSAÏEK
Elke Sondagaand om 19:00. Sondag 26 Maart is die afsluiting vir die kwartaal

DIAKONIEVERGADERING
Alle diakens vergader om 19:00 22 Maart in die gemeentesentrum

KINDEREREDIENSTE
Elke Sondag om 09:00 behalwe lang naweke en skoolvakansies

BLOKBYEENKOMSTE
Blok een: So 14 Mei; Blok 2: So 21 Mei; Blok 3: So 4 Junie; Blok 4: So 11 Junie

GEBEDSBEDIENING
Elke Sondag om 09:00 in gebedskamer. Kontak Hannelie du Preez by 082 908 3992

MOSAÏEK

"Mo-sa-ïek' (-e) Mengeling van uiteenlopende bestanddele..."

'n Geleentheid vir lofprysing
'n Geleentheid vir nadenke oor die lewe
'n Geleentheid vir saam-wees

Sondae om 19:00 in die kerkgebou
(Uitgesluit langnaweke en skoolvakansies)

EREDIENSTE SONDAG OM 09:00 EN 10:30

TEMA: *LAAT DIE HERE JOU* VERNUWE

Jesus sê dat al die slegte dinge wat ons doen uit ons *hart* uit kom. Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid.

Ons het dringend 'n hartoorplanting nodig!

LEWE IN OORVLOED

Ons is nie gemaak om saai, betekenislose lewens te lei nie. Jesus het gekom om vir ons die lewe te gee, en dit in oorvloed. Dit beteken 'n lewe vol liefde, vreugde en vrede - alles wat die lewe die moeite werd maak. Baie mense mis dit - hulle mis die doel van hulle lewe. Moenie dat dit met jou gebeur nie!

'n Lewe in Oorvloed vloei natuurlik voort uit drie kern-verhoudings:

- **Ons verhouding met ons Hemelse Vader, sy Seun en Gees**
- **Ons verhouding met die mense naaste aan ons, ons gesin, ons Vader se ander kinders.**
- **Ons verhouding met mense wat vêr van God lewe, wat in nood is, wat buite die dampkring van God se liefde lewe.**

Lyttelton-Oos Gemeente gaan hier-die jaar tydens drie 40 dae fokus-tye aan hierdie drie verhoudings aandag gee.

OorblywendeTemas

Week 4 : Sondag 26 Maart Laat God jou verander [Groei - Die potensiaal]

Week 5 : Sondag 2 April Verdiep jou verhouding met God [Gebed - Die kern]

Week 6 : Sondag 9 April Verbind jou aan God se droom [Gehoorsaamheid - Die doel]

Afsluiting: Sondag 16 April Vier jou verhouding met God

GROOT LYDENSWEEK

Ons 40-dae fokus tyd word afgesluit met die Groot Lydensweek. Gedurende hierdie week loop ons die Via Dolorosa (lydenspad) agter Jesus aan. Ons beleef saam met Hom wat hy beleef het, ons word as't ware saam met Hom gekruisig, saam met Hom begrawe, sodat ons weer saam met Hom kan opstaan en 'n nuwe lewe kan lei. Dis 'n tyd van toewyding en geestelike hernuwing.

PROGRAM:

9 April om 09:00 - Diens van Palms
10 April om 19:00 - Lydensdiens
11 April om 19:00 - Lydensdiens
12 April om 19:00 - Lydensdiens
13 April om 19:00 - Nagmaal
14 April om 09:00 - Goeie Vrydagdiens
15 April om 22:30 - Paaswaak
16 April om 09:00 - Opstandingsdiens

Kaart na kerkterein | **Laai boodskappe af**

ADMIN EN FINANSIES

WOENSDAGAAND
29 MAART
19:00

Aksie Twee+

'n Bediening gefokus op jonggetroudes en gesinne met jong kinders

Byeenkomsdatums:

26 Maart 2006

Spreker: Ds Abel Pienaar (Huweliksberader)

Tema: Harmonie in die huwelik

23 April 2006

Spreker en tema sal bevestig word

21 Mei 2006

Spreker: Johan Herholdt

Tema: Jou persoonlikheid en jou verhoudings.

Elke byeenkoms word afgesluit met 'n lekker saam-kuier bring-en-braai - eie drinkgoed, vleis en eetgerei.

GEBEDSBEDIENING

Indien u wil help om 'n omvattende gebedsbediening in die gemeente te vestig, skakel Hannelie du Preez (082-908-3992)

Kry M.E.E.R. uit die lewe!

Motivering, Energie, Entoesiasme, Rekreasie

Geleenthede om 'n verskil te maak

Ouderling / Diaken
Bou 'n verhouding met 'n paar huisgesinne en gee vir hulle om.
1 uur per week

Inligtingstafel
Wees deel van 'n span wat mekaar afwissel by 'n weeklikse inligtingstafel tussen die twee eredienste. Gee inligting oor die gemeente se aktiwiteite aan lidmate en belangstellendes en help nuwe en voornemende lidmate.
1 uur per week / maand

Nuwe Intrekkerbediening
Help almal (nie net NG mense nie) wat nuut intrek in ons gemeenskap om welkom en tuis te voel deur inligting oor hulpbronne in die gemeenskap (dokters, apteke, winkels ens.) deur te gee.
2 ure per maand

Aksie Twee +
Dit is 'n aksie wat gemik is op gesinne met geen of jong kinders (voorskools of op laerskool).
Reël huwelik- en ouerseminare en sprekers oor relevante onderwerpe ens. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Klub Immergroen
Besoek en bedien op 'n gereelde basis ons senior lidmate / help met die reël van oggendtees en 'n kersete. Kontak Gerty Basson by 664-2433.

Kleingroepe
Voel jy geroepe om te begin met 'n kleingroep (nie noodwendig net vir lidmate nie)? Stuur onmiddelik 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Tienierbediening - Mentor
Bou 'n verhouding met 'n groep tieners en help om die Here beter te ken, die lewe beter te verstaan en tuis te voel in die gemeente.
2 ure per week

Kinderkerk
Help met die aanbieding van die kinderkerk elke Sondag vir die kleuters / Gr 1-3 / Gr 4-6.
2 ure per week

Helpmekaar Bediening
Help om 'n bediening te bou waar lidmate hulle gawes / talente en vermoëns vir mekaar beskikbaar stel.
2 ure per week (aanvanklik totdat bediening op die been is.)

Aksie Een
Dit is 'n aksie wat gemik is op enkellopendes van enige ouderdom. Reël byeenkomste en seminare of kampe met sprekers oor relevante onderwerpe. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Eredienswerkgroep
Help met die beplanning van ons eredienste deur navorsing, bespreking, ontwikkeling van visuele aanbiedings, kort dramsketse, die inwin van mense se stories (getuienisse), sang en musiek. Hierdie groep kom gereeld elke Donderdagaand om 20:30 by Krugerlaan 105 bymekaar op 'n vrywillige en spontane basis. Die groep is nie geslote nie. Enigeen wat insette wil lewer is welkom.

Indien jy op een of meer van die maniere hierbo genoem 'n verskil wil maak, stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Inligting oor ander bedieninge is ***hier*** te vind

BELANGRIKE DATUMS - SLEEP JOU DAGBOEK NADER

29 Maart
19:00 Kommissie vir Administrasie en Finansies vergadering
29 Maart
19:00 KAF vergadering
9 April
Groot Lydensweek begin
10 April - 12 April
Eredienste om 19:00
13 April
Nagmaal om 19:00
15 April
22:30 Aflegging belydenis van geloof
19 April
19:00 Kerkraadsvergadering
22 April
10:00 Klub Immergroen
26 April
20:00 Adoramus
29 April
10:00 Modeparade (Vroueaksie)
3 Mei
19:00 Bedieningskommissie-vergadering
9 Augustus
PARKNAVAL

Volledige program hier

Het u dalk hulp nodig? Ons help graag waar ons kan. Klik op die pyltjie om sien waarmee ons ons kan help

Dink 'n bietjie hieroor...

Hope is the ability to hear the music of the future; but faith is having the courage to dance to it today! - Author Unknown

"The opposite of joy is not sorrow, it is unbelief."
- Leslie Wetherhead

"God does not owe us an explanation for everything. Besides, explanations don't take away the pain. Even when we know why a tragedy happens, it still hurts. It is more helpful to ask 'How' and 'What.' How can I grow from this situation, and what does God want me to learn from it?"
- Rick Warren

Die Kerk in die Media

Hier is 'n seleksie uit berigte, briewe en rubrieke wat in die media verskyn het die afgelope week wat handel oor die kerk, die christelike geloof en ander godsdienstige sake. Ons verskaf nou ook op ons gemeente se Web Log (Blog) - (www.lytteltontonoos.org.za/blog) skakels na artikels op di web oor kerk en godsdiens. U kan ook inteken op 'n gereelde e-pos wat deur die Algemene Sinode se inligtingsdiens verskaf word deur 'n e-pos te rig aan ngkinlig@mweb.co.za

Kerke aanvaar 'Karre-apologie
Beeld 19 Maart 2006

Neels Jackson

Noudat die Afrikaanse rockgroep Fokofpolisiekar gesê het hulle is "baie jammer indien ons iemand aanstoot gegee het", behoort Christene hul verskoning te aanvaar.
Dít was gister die oordeel van twee prominente kerkleiers - dr. Isak Burger van die AGS en dr. Nelus Niemandt van die NG Kerk - asook van vyf Oudtshoornse predikante by wie die protes teen die Polisiekarre se optrede by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees begin het.
Dié protes het gekom nadat een lid van die groep die woorde "F** God" op 'n aanhanger se beursie geskryf het.
Ds. Jan Marais van die NG gemeente Oudtshoorn-Wes, het gistermiddag gesê hy en die vier ander predikante wat die protes gelei het, glo hulle het die Here se pad gestap deur op te staan vir sy Naam. Net so glo hulle dat dit ook nou die Here se pad is om die Polisiekarre se verskoning te aanvaar.
Marais het gesê hulle sal hul standpunt later meer volledig uiteensit, maar dit is die houding waarmee hulle oormôre na 'n gemeenskapsvergadering gaan.
Dié vergadering moet besluit of daar voortgegaan word met die eis dat die Polisiekarre nie toegelaat word om by die fees op te tree nie.
Niemandt, aktuarius van die NG Kerk se algemene sinode, sê dis deel van Christelike deernis om dit te aanvaar as iemand om veskoning vra.
Hy dink in elk geval dat dit beter is om gesprek te voer as veldtogte. Veldtogte verhard net gevoelens.
Burger het gister gesê 'n mens sou kon wonder oor die egtheid van die verskoning. Was dit iets wat regtig uit die groep se harte gekom het of is dit maar net iets wat hulle onder druk gedoen het? Een mens kan egter nie 'n ander mens se hart beoordeel nie. Net God kan dit doen.
Daarom meen hy die verskoning behoort op sigwaarde aan vaar te word. Hy hoop dit is 'n opregte verskoning van die Polisiekarre af.
Burger maan egter dat as die groep ná dié ronde weer só aanstoot gee, behoort Christene sterk op te tree. Hy sal dit dan self oorweeg om 'n klag van haatspraak in te dien

Godsdiens-aktueel: Kerk se keuse: bly agter of gaan saam
Beeld 19 Maart 2006

Yolanda Dreyer

"Ek soek 'n nuwe kerk," sê 'n aangename, intelligente man met 'n goeie werk en 'n mooi gesin.
Hy was van kleins af betrokke by die kerk. Hy was jare lank ouderling. Hy het sy deel gedoen.
Maar nou is hy moeg daarvoor om sy tyd te mors in kerkraadsvergaderings wat redekawel oor: "die beker of kelkies?"
Hy sien op die pale die uitsprake van sy kerk oor vroue. Dit rym nie met sy leefwêreld nie.
Die maatskappy waar hy werk, het bekwame vroue in diens. Hulle neem hul plek in as volwaardige persone en lewer hul bydrae.
In sy vriendekring is mans en vroue gelyke vennote.
Hulle werk saam en ondersteun mekaar. Albei lewer 'n volle bydrae.
In hul huwelik is sy vrou 'n volwaardige mens en maat, nie 'n dienende, minderwaardige "vroutjie" nie. Maar Sondag betree hy 'n ander wêreld.
Daar word vroue "op hul plek" gehou - buite die ampte.
Vroue kan nie leiers wees nie. Hul bydrae is net ondersteunend. Die manne is baas. Die manne het die mag om te besluit dat hulle baas bly. Só hou die stelsel homself in stand.
Dié man wil nie langer daarmee saamleef nie. Hy soek 'n ander kerk. Só het die kerk 'n goeie lidmaat en werkkrag verloor.
Om gelowige te wees in die wêreld was van altyd af die uitdaging. Saamgaan of agterbly?
Die bekommernis is of die kerk van die wêreld gaan word as dit saamgaan met die tye wat verander. Waar trek 'n mens die streep?
Wat moet jy "handhaaf" en wanneer moet jy laat gaan? Die wêreld staan nie stil nie.
In die Ou Testament het dinge verander. Hulle het anders begin dink oor byvoorbeeld God en die bose: van die siening dat God verantwoordelik is vir goed én kwaad tot die idee van 'n selfstandige bose mag wat teen God in opstand is.
Ook hul gebruike het verander. Verskillende huweliksgebruike het oor tyd ontwikkel.
Daar is nie iets soos "die Bybelse huwelik" nie.
In die Nuwe Testament het die wêreld verander. Gelowiges het anders begin dink oor reinheid. Jesus se volgelinge voer nie meer wasrituele uit nie. Jesus genees op die Sabbat. Hy praat met vroue in die openbaar.
Ondenkbaar! Waar gaan die wê reld heen?
'n Klompie eeue gelede het Christene gemeen dat 'n mens net werklik geestelik kan wees as jy jou liggaamlike genieting ontsê.
Gelowiges moet vas en geestelike leiers moet hul lewe lank selibaat bly. Daar is vandag kerke wat steeds aan hierdie idees en gebruike vashou.
Twee predikante uit behoudende kerke worstel met hul teologie en die wêreld. Die een is duidelik moedeloos.
Met die idees van 'n skrywer uit die middel-1900's probeer hy lidmate help om die kloof tussen hul kerk se uitsprake en die werklikheid van vandag te probeer oorbrug. Terug agtertoe, is sy desperate pleidooi.
Die ander een probeer eerlik en oop kyk na vandag se wêreld.
Hy soek maniere om sy kerk se denke en gebruike vriendeliker te maak sonder om wat vir hulle wesenlik is, te verloor. Moedig vorentoe, is sy pleidooi.
As die kerk wil byhou, gaan dit waarskynlik nie om idees en ge bruike wat gehandhaaf of laat gaan moet word nie.
Tydlose idees of kultuurlose ge bruike wat derhalwe altyd geldig sal wees, bestaan nie. Dit leer ons uit die Bybel en die geskiedenis.
Net God is tydloos. Die uitdaging is om in elke tydvak só 'n beeld van God te wees in die wêreld dat daardie wêreld iets van God kan sien.

BRIEWE

Dis 'n aanslag op God
INA, OOS-LONDEN:
Rapoort 18 Maart 2006

Die artikel "Hier kom 'n botsing" (Rapport, 12 Maart) het betrekking. Ek is so dankbaar dat ons land en sy Christenbevolking uiteindelik wakker word! Dit is sowaar die Moslemgemeenskap wie se voorbeeld ons hier volg.
Eerstens wil ek vir Wynand Myburgh vra: As jy " 'n klompie jare by 'n kerk betrokke was en nie daar antwoorde gekry het nie", het jy nou die antwoorde? Vir seker is jou daad "nie 'n aanslag op die kerk nie", maar veel erger, 'n aanslag

op die heiligheid en goddelikheid van Hom wat jou geskape het. Hy wat jou liefhet en jou so graag wil seën.
Aan mnr. Albert du Plessis, Polisiekarre se musiekuitgewer, na aanleiding van jou opmerking dat "geen gebedsketting, ens. ouers help om hul kinders beter te verstaan, ens., nie". Ken jy die krag van gebed? Aan die KKNK-direksie, moenie dat julle "verantwoordelikheid om die volle spektrum van kunste aan te bied" julle die gramskap van God op die hals haal nie.
Aan ds. Jan Marais en past. Kobus van Zyl (en al die ander verteenwoordigers van kerke, skole, gemeenskapsorganisasies en sakelui) - loof die Here vir julle!

Karre is onstigtelik
J.B. STOFBERG, YSTERPLAAT:
Rapport 18 Maart 2006

'Ek verwys na "Hier kom 'n botsing" (Rapport, 12 Maart) oor die heftige verset teen 'n godslasterlike groep, die Afrikaanse rockgroep F**ofpolisiekar.
Hoekom moes hulle juis 'n kragwoord kies vir hul rockgroep se naam? Dit is nie smaakvol nie; ek is seker baie mense vind dit moeilik om die naam te uiter. Dink net aan die ouers wat nie wil hê hul kinders moet vloekwoorde aanleer nie.
Daar is so baie name wat 'n mens kan kies soos die Cambells, die Beatles, die Bee Gees en BZN en baie meer wat nie so kru is nie.
Elke skool het 'n lied en 'n leuse wat sê dit is altyd beter, baie beter en beste.
Sou die skool so 'n naam of leuse soos dié groep kies, stuur hy reguit op 'n afgrond en 'n botsing af.
Veral as jy godslasterlike uitlatings maak. Dink net aan die nagevolge.

Onnosel publiek val vir 'Karre se set
Beeld 19 Maart 2006

Onge-blerrie-looflik - dis die onnoselheid van die Suid-Afrikaanse publiek.
Die vreeslike storm rondom hierdie ou plaaslike groepies sogenaamde musikante is presies wat die vaal seuns met die lang vuilerige hare wou gehad het, liewe mense! Kan julle dan nie sien nie?
Van die eerste oomblik af, met die kies van hul patetiese naampie, wou hulle omstrede wees sodat mense van hulle notisie neem. Hulle wou nie die gewone paadjie volg deur met hul goeie musiek naam te maak nie, nee, dit sou veels te lank neem.
Kies 'n naam met 'n vloekwoord in, en siedaar! Die Suid-Afrikaanse publiek stik in hul biltong en bier en die skinderveldtogte begin. As die media 'n bietjie stil raak oor die bleek bloedjies, omdat hul flou optredes nou nie eintlik die koerantopskrifte haal nie, doen dan maar iets anders wat die aandag sal trek.
So raak die manne bekend sonder dat hulle daarvoor hoef te werk.
Briljante bemarkingsfoefie, nie waar nie? Ek dink Wynand Myburgh het presies geweet wat hy doen toe hy daardie boodskap geskryf het.
Maar nou ja, ek weet van 'n hele paar Suid-Afrikaanse musikante wat geld maak sonder enige talent.
Liz, Centurion

Rock 'n roll is nie katkisasie nie
Beeld 19 Maart 2006

Aan André en Rachel van Krugersdorp :
"Enige ander groep of individu wat deelneem aan die KKNK, of persone wat die fees bywoon terwyl hierdie groep deelneem, vereenselwig hulle indirek met die siening van die groep." Dis 'n aanhaling uit jul brief Eer die Here en wys Polisiekarre weg (Beeld, 15 Maart).
As ek hierdie argument van julle moes gebruik, sou ek tot die logiese gevolgtrekking kon kom dat Jesus, wat gereeld in die geselskap van onder meer tollenaars en prostitute te siene was, Hom indirek vereenselwig het met hul siening.
Sou dit nie as Christene jul plig wees om Polisiekar te vergewe en vir hulle te bid in plaas daarvan om sulke kinderlike argumente die lig te laat sien nie?
Wys julle 'n mens by jul kerk weg omdat hy vloek, na drank ruik, en daar nie 'n blink Mercedes voor sy motorhuis staan nie? Is dit nie juis die mense in die "gutters" - letterlik of figuurlik - wat in liefde nadergetrek moet word volgens jul geloof nie?
Word wakker en ruik die whiskey.
Dis rock 'n roll, nie katkisasieklas nie.
Jaco, Pretoria

Polisiekarre het reg op spraakvryheid
Beeld 19 Maart 2006

André en Rachel (Beeld, 15 Maart) sê die feesdireksie van die KKNK moet Fokofpolisiekar wegwys van die fees. Indien hulle dit sou doen, het nie-Christene die reg om ontsteld te wees. Dit is tyd dat Suid-Afrikaners besef die land word gerig deur 'n grondwet wat vryheid van spraak en opinie beskerm.
Al stem miljoene mense saam dat die groep aanstootlik is, het hulle die reg om te sê wat hulle wil en die publiek het die reg om hul konserte by te woon of nie.
Dit beteken nie Christene wat voel hul godsdiens is te na gekom, moet stilbly nie. Kla soveel julle wil. Dis jul reg.
Moet net nie verwag iemand soos die feeskomitee moet namens Christene standpunt inneem nie.
Anoniem, Kanada

ANDER PERSPEKTIEWE

Christianity Today, April 2006
Cartoon Chaos
Muslims aren't the only ones guilty of acting out inappropriately.
A Christianity Today editorial | posted 03/14/2006 09:30 a.m.
The riots were as inexplicable as they were deadly. Outraged youths marched through the streets, armed with guns, machetes, and nail-laden boards. They destroyed houses of worship and businesses owned by religious minorities. At roadblocks, they demanded to know the religion of each passerby. Those who answered incorrectly were beaten to death, then decapitated, dismembered, and burned in the streets. The victimsmore than 100had nothing to do with what had supposedly sparked the outrage. They were just in the wrong place at the wrong time.
Muslims rioting over the publication of Muhammad caricatures? Sadly, no. These were Nigerian Christians rioting over the riots. Muslim riots over the cartoons earlier in the week had left about 50 Christians dead and several churches ruined in northern Nigeria, where Christians are a minority. So in the south, where Christians are safely in the majority, revenge attacks against local Muslims tripled the body count.
Such scandalous behavior is worth remembering when we're tempted to arrogance toward those "poor, uneducated, and easily led" Muslims supposedly rioting over a Danish newspaper's cartoons. Let us also remember an earlier time when Denmark and Europe were ablaze with riots over religious imagery. In the mid-1500s, Protestants were so enraged by "graven images" and the veneration of saints' relics that they destroyed churches and ran through the streets looking for priests to assault. Centuries earlier, Byzantine Christian battles over the depiction of prophets and saints had become so violentwith thousands exiled, tortured, or killedthat the period between 762 and 775 became known as the "decade of blood."
How far we have come. Now some Protestants are among the loudest voices calling for the publication of graven imagesspecifically, the caricatures of Muhammad. Choosing not to publish them, Family Research Council president Tony Perkins said, "only tempts the Islamist terrorists to ever more murderous outrage. This is the path of appeasement that Europe took in the 1930s."
Emir Caner, raised Muslim and now dean of Southwestern Baptist Theological Seminary's undergraduate college, made a similar argument: "The question now becomes to the secular media, 'Do you have the guts to stand for what you believe … and are you willing to pay a costly price in order to secure that value?'"
This argument, however, assumes that the right to a free press requires the publication of the caricatures. It does not. It is no hard task to discuss the caricatures without showing them. It is no failure of a journalist's duty or his commitment to universal freedom of the press to choose description over depiction. That's a choice journalists make on a daily basis regarding porn, racist epithets, and other content offensive to ethnic and religious groups.
At the height of the caricature controversy, the European Evangelical Alliance issued a statement, saying, "We long for a society in which people think

hard before expressing ideas that are bound to cause deep offense."

The advice echoes Paul's instruction to the Corinthians: "Give no offense to Jews or to Greeks or to the church of God, just as I try to please everyone in everything I do, not seeking my own advantage, but that of many, that they may be saved."

Press freedom may be a universal human right, but Paul reminds us that while exercising a right might be "lawful," it is not always "helpful." Restraint demonstrates charity and hospitalitynot appeasement.